

# KINDERKERK LES: Kersfees – Jesus se soete Liefde

## Doel van les:

- Ons doen 'n speletjies les en gesels klein bietjie oor Kersfees en die soet van Jesus wat aarde toe gekom het om vir ons te kom sterf.

**Speletjie 1: Eier staan:** Berei twee tot drie gekookte eiers voor sodat jy meer as een kind op 'n slag kan laat deelneem. Jy benodig bordjies en 'n teelepel sout vir elke eier. Kyk watter kind die eier die vinnigste kan laat regop staan, deur die eier op die sout te laat balanseer.

**Speletjie 2: Jellybean vlieg:** Elke kind kry 'n teelepel en 'n jellybean. Plaas 'n emmer so vyf treë van die kinders af weg. Laat die kinders in 'n ry staan. Jy kan ook twee emmers gebruik en die kinders in twee rye laat staan. Die eerste kind in elke ry moet hulle jellybean op die teelepel sit. Dan moet hulle probeer om die jellybean in die emmer in te gooi. Indien hulle mis, moet hulle die jellybean gaan optel en agter in die ry gaan staan, terwyl die volgende kind met die teelepel probeer hulle jellybean in die emmer te gooi.

**Speletjie 3: Malvalekker vang:** Indien jy twee rye gemaak het hou die twee groepe net soos hulle is. Neem twee plastiekbordjies en plaas hulle oorkant die rye. Sit 'n malvalekker op die rand van elke bord neer – die rand verste van die kind af. By elke bordjie staan 'n leier met 'n besem. Die leier moet die besem regop hou en dan die steel van die besem laat val na die plastiekbordjie toe. Die malvalekker sal opskiet en die kind moet die malvalekker in die bakkie, wat elkeen sal kry, probeer vang. **Wenk vir die leier:** meet voor die tyd waar die besem moet regop staan, sodat wanneer jy dit laat val, dit die bordjie op die regte plek sal tref vir die malvalekker om op te skiet. Kyk watter groep kan in 'n minuut se tyd die meeste kere die malvalekker vang.

**Speletjie 4: Dubbel gooi:** Hou die twee groepe soos hulle is. Elke kind kry twee ping pong balle. Plaas twee emmers oorkant elke groep. Die eerste kind kom vorentoe met sy/haar twee ping pong balle. Die een bal word vasgehou in die regterhand en die ander een in die linkerhand. Die kind moet nou die balle gelyk na die twee emmers gooi en probeer om 'n bal in elke emmer te kry. Onthou hulle moet albei balle gelyk gooi.

**Speletjie 5: Jellybean billiards:** Plaas twee klein tafeltjies oorkant elke groep, sit tien gekleurde jellybeans in die middel van elke tafel neer. Gebruik 'n swart jellybean as die "stok" om die ander jellybeans mee te skiet. Elke kind kry 'n beurt om met die swart jellybean die ander gekleurde jellybeans van die tafel af te probeer skiet. Kyk watter groep kry eerste al hulle jellybeans van die tafel af.

**Speletjie 6: Kersfees ABC:** Julle gaan nou saam as klas die ABC uitdeelstuk voltooi. Skryf by elke letter iets oor Kersfees neer wat begin met daardie letter. Jy kan die blaaie net so uitdruk en vir hulle wys of dit op 'n groot stuk ongedrukte koerantpapier invul soos hulle aan dinge dink by elke letter.

## **TOEPASSING:**

Wys vir die kinders 'n soetding wat gewoonlik volop tydens Paasfees is, bv. 'n sjokolade hasie.

**Sê:** Wanneer ons aan Kersfees dink, dan is daar baie goed wat in ons gedagtes kan opkom. Gewoonlik is dit 'n lang vakansie. Ons sien vir weke voor die tyd geskenkpapier, kersbome en versierings, en ons hoor kersmusiek speel. Oral in die winkels sien ons sjokolade Kersvaders en die kalendertjies met 'n sjokolade van 1 Desember tot Kersdag. Daar is koekies en trifle en allerhande lekkernye vir kerse. Dis omtrent 'n soet storie.

Dis een van die dae Kersfees en weet julle die soetste vir my omtrent Kersfees, is dat Jesus gebore is. Dis nie sodat ons soetgoed kan eet met Kersfees nie, maar om vir elke mens te sterf oor ons nie so soet is nie. Ons doen mos almal verkeerde dinge. Nog soeter is dat Hy opgestaan het en leef. Almal wat hulle harte vir Jesus gee en Hom volg kan eendag saam met Hom in die hemel leef.

Al is hierdie jaar se Kersfees anders kan ons die soet steeds deel. Bid daarvoor en vra die Heilige Gees om jou 'n maatjie te wys vir wie jy kan vertel van Jesus se soete liefde.

Sluit af met gebed in groepe.

A: \_\_\_\_\_

N: \_\_\_\_\_

B: \_\_\_\_\_

O: \_\_\_\_\_

C: \_\_\_\_\_

P: \_\_\_\_\_

D: \_\_\_\_\_

Q: \_\_\_\_\_

E: \_\_\_\_\_

R: \_\_\_\_\_

F: \_\_\_\_\_

S: \_\_\_\_\_

G: \_\_\_\_\_

T: \_\_\_\_\_

H: \_\_\_\_\_

U: \_\_\_\_\_

I: \_\_\_\_\_

V: \_\_\_\_\_

J: \_\_\_\_\_

W: \_\_\_\_\_

K: \_\_\_\_\_

X: \_\_\_\_\_

L: \_\_\_\_\_

Y: \_\_\_\_\_

M: \_\_\_\_\_

Z: \_\_\_\_\_